HOËRSKOOL
LUTZVILLE
HIGH SCHOOL
✉ **6, LUTZVILLE, 8165**
☎ **(027) 2171006**
🖷 **(027) 2172114**
🖰 **admin@hslutzville.co.za**

KEN JOU LIG.

LIG JOU KEN

Aan alle Ouers

WEEKBRIEF 14 VAN 2022 **UIT DIE KANTOOR**

BAIE DANKIE…

- Cola Dee Transport wat sy bussie beskikbaar gestel het vir die skool vir Donderdag se sportwedstryde teen HS Vredendal. Ons het groot waardering.

OUD-LEERDERS PRESTEER

Ons spog graag met ons oudleerlinge. Sal u asseblief enige prestasie(s) vir ons deurgee?

- Armand van Dyk, tans by NWU en besig met BComm Bestuurswetenskappe het ‘n Golden Key-toekenning gekry vir sy 2021 uitslae en is tans onder die Top 10% van sy jaargroep.
- Johan Mostert (Matriek 1994) het sy MBA graad aan die Cumbria universiteit in Carlisle verwerf.

DWELMMISBRUIK ONDER ONS JEUG!

Skole kan dit nie alleen bekamp nie! Dit raak elkeen van ons, of ons dit glo of nie en ons **moet** meer verantwoordelikheid neem om die probleem te hanteer – dit begin by my en jou. "Dit neem ‘n dorp om ‘n kind op te voed!"
Daarom bied **FEDSAS** 'n **GRATIS Paneelbespreking** aan waar hulle met kundiges op hierdie gebied praat. Ons nooi almal uit om hierdie bespreking by te woon - **leerlinge, personeel, ouers en die breër gemeenskap.**
Neville Goliath: WKOD Bestuurder vir Positiewe Gedrag Programme. Ivor Swartz: Jeug Pastoor by St. Paul's United Kerk. Quinton Adams: Opvoedkundige sielkundige, etnografiese navorser, skrywer en direkteur van Masekhane Development Solutions. Jaco Deacon: HUB van FEDSAS. **Die Paneelbespreking vind plaas op Dinsdag, 3 Mei om 18h00.** Ons gee ook hierdie *link* op die selfone deur. U moet asb self registreer onder u eie naam. MAAK ASB VAN HIERDIE GELEENTHEID GEBRUIK.

NSS MATRIEKSERTIFIKATE 2021

Die amptelike Umalusi Matrieksertifikate van 2021 is beskikbaar by die kantoor.

VRYSTELLING VAN SKOOLFONDS 2022

Ouers wat wil aansoek doen om vrystelling / gedeeltelike vrystelling van skoolfonds vir die 2022 skooljaar moet by die kantoor ’n aansoekvorm kom afhaal **voor/op 20 Mei 2022**. (U moet elke jaar ’n nuwe aansoek indien.) ALBEI biologiese ouers se bewys van inkomste moet getoon word voordat daar verder met die proses aangegaan kan word. Indien u nie aansoek doen nie, word beide biologiese ouers aanspreeklik gehou vir die betaling van u kind/ers se skoolfonds. Indien ouers versuim om skoolgelde te betaal of aansoek te doen vir vrystelling sal u na drie maande ’n kennisgewing ontvang dat u rekening vir invordering oorhandig sal word.

OUERAAND 3 MEI

Alle leerders wie se ouers 'n afspraak aangevra het, het gister, 28 April 'n oueraandbrief terugontvang. Op die brief is die tyd van u afspraak. Ons almal se tyd is kosbaar, stel asb. die onderwyser betyds in kennis indien u nie u afspraak kan nakom nie.

Ronel Wickens

ONDERSTEUNERSBAADJIES

Ondersteunersbaadjies is beskikbaar by Optimaks-klerebank. Ouers kan hierdie baadjies aanskaf as hulle wil, dit is nie verpligtend nie. Klerebank is oop van Maandag tot Vrydag vanaf 09:00 – 15:00, gesluit vakansiedae en naweke. Aankope is slegs kontant – geen kaartfasiliteite nie. Aankope kan ook gelay-buy word. Vir enige navrae kontak: Margaretha Coetzee, (T) 027 217 2224

BOEKEKAMER
Die leerders is welkom om enige van die volgende items by die Boekekamer te koop, wat baie goedkoper is as in die winkels, solank voorraad hou.

Hardebandboek 96 bl	R 10.00		Eksamenblok	R 10.00
Hardebandboek 192 bl	R 14.00		Swart pen	R 2.00
Flip File 10 bl	R 9.00		Blou pen	R 2.00
Flip File 20 bl	R 12.00		Potlood	R 2.00
Flip File 30 bl	R 18.00		Pritt (43g)	R 35.00
Flip File 50 bl	R 25.00		Glue stick 36g (Treeline)	R 10.00
Ringleêr	R 20.00		Liniaal	R 2.00
Gewone Werkboek (72 bl)	R 5.00		Uitveërs	R 5.00

LAERSKOOL OLIFANTSVALLEI EISTEDDFOD
Baie sterkte aan al die hoërskool en laerskoolleerders wat volgende Vrydag 6 Mei in Citrusdal aan die Eisteddfod gaan deelneem. Dit begin reeds om 07:30. Ons glo dit sal met elkeen baie goed gaan. ***Lize Potgieter & Annalise Nieuwoudt***

KLAWER KUNSTE
Laerskool Klawer hou hul jaarlikse Klawer Kunste XVII op 29 Julie 2022, en alle leerders van Graad 1-12 word uitgenooi na hierdie hoogtepunt. Die volgende afdelings word aangebied:

1. Voordrag
2. Poetry
3. Klavier (solo en duet)
4. Blokfluit (solo en duet)
5. Sang (solo)
6. Tweespraak
7. Monoloog
8. Spreekkore
9. Fotografie
10. Visuele kuns

Elke leerder mag aan ‘n maksimum van drie items uit die groepe hierbo deelneem. Inskrywings sluit Maandag 20 Junie 2022 en kan gedoen word by Juffrou Lize. Die koste beloop R30 per inskrywing. Alle vereistes vir die fotografie-afdeling sal aan leerders gegee word wat belangstel. ***Lize Potgieter***

LAERSKOOL ROOIKOLBALLE-TOERNOOI
Op 27 April het die volgende spelers op Citrusdal aan 'n Rooikolbal-toernooi vir jong spelers deelgeneem. Almal het medaljes ontvang en ek was trots op almal se baangedrag: Milla Etsebeth, Elné Lategan, Jaco Nel, Adriaan Coetzee, Gerber van Zyl, Mart-Mari Steenkamp, Louis Coetzee, Markus Lötter, Peter le Roux. ***Annalise Nieuwoudt***

UITSLAG : PIKETBERG SPORTDAG – TUIS
LS en HS Netbal: Wat 'n ongelooflike sportdag het ons teen Hoërskool Piketberg gehad! Daar is geen telling gehou by die o/7 tot o/9’s nie, maar hulle het pragtige netbal gespeel. Die o/11B, o/12A, o/19A en o/19B-spanne het ongelukkig verloor, maar mooi gespeel. Die o/10B’s het gelykop gespeel. Baie geluk aan die volgende spanne wat as oorwinnaars van die baan gestap het, o/10A, o/11A, o/13A+B, o/14 A+B, o/15A+B, o/16A+B en o/19 C+D. Wen of verloor, ons is baie trots op elke dogter. Baie dankie aan al ons ondersteuners. Die dag was 'n groot sukses en sport het geseëvier!

LS en HS Rugby: Die o/11 en o/13’s het harde wedstryde gespeel en as wenners uit die stryd getree. Die o/7 - o/9 span het ongelukkig net-net verloor. Die o/15, o/17 en o/19A-rugbyspanne het ongelukkig verloor. Baie geluk aan die spanne wat as wenners uitgestap het.

UITSLAE : HS VREDENDAL SPORTDAG WEG
Netbal: Ons het Donderdag, 28 April 2022 teen Hoërskool Vredendal netbal gespeel. Dit was 'n heerlike dag en Vredendal was tawwe kompetisie. Baie geluk aan ons o/14A-netbalspan wat die wa deur die drif getrek het. Ons is baie trots op julle. Dankie vir almal se ondersteuning! ***Jo-Anri Barnes***

Rugby: Gister het die o/15, o/17 en o/19 rugbyspanne teen HS Vredendal gespeel. Soos gewoonlik was die wedstryde hard en ons kon nie ‘n wen deurtrek nie. ***Koos Scheepers***

LS VREDENDAL WEG
Donderdag 5 Mei speel ons teen Laerskool Vredendal weg. Die busse sal in sportperiode (halftwee), vertrek en wedstryde begin om 14:30. Die volgende rugbyspanne speel almal: o/7A, o/8A, o/9A, o/11 A en B, asook die o/13 A-span. Die volgende netbalspanne speel: o/7A+B, o/8A+B, o/9A+B, o/10A+B, o/11A+B, o/12A en o/13A+B. Baie sterkte. ***Quinton van Dyk***

LS AUGSBURG WEG
Donderdag 12 Mei speel ons teen Laerskool Augsburg weg. Die busse sal 12:45 vertrek en wedstryde begin om 14:30. Spanne sal volgende week deurgegee word. ***Quinton van Dyk***

VSS TUIS
Donderdag, 5 Mei 2022, speel sekere van Hoërskool Lutzville se netbal- en rugbyspanne teen VSS op Lutzville. Die betrokke spanne sal nog deurgegee word. Wedstryde sal ongeveer 14:45 begin. Sterkte met die voorbereiding.
Jo-Anri Barnes

CURRO LANGEBAAN WEG
Saterdag, 14 Mei 2022, speel die LS & HS netbal- en rugbyspanne teen Curro te Langebaan. Alle o/7 – o/19 rugbyspanne speel. Netbal: o/7 – o/9A, o/10 en o/11A+B, o/12A, o/13A+B, o/14A+B, o/15A en o/19A+B's speel. Sterkte met die voorbereiding!

WESKUS NETBALPROEWE
Maandag, 2 Mei 2022, gaan 15 van ons hoërskoolnetbalspelers aan die Weskusnetbalproewe deelneem. Die proewe vind in Moorreesburg plaas en begin 08:30. Die bussie sal 05:30 vanaf die skool vertrek. Baie sterkte aan hierdie dogters, ons weet dit sal goed gaan! ***Jo-Anri Barnes***

VOLGENDE WEEK
Maandag 2 Mei is weer 'n vakansiedag. Dinsdag, 3 Mei, begin ons die week met Dag 7. Onthou asb van die Oueraand!!!

Baie dankie vir elke ouer wat opofferings maak om ons kinders te ondersteun, soms met groot kostes. By ons groot wedstryde (Curro-dag byvoorbeeld) is dit tradisie dat ALLE Lutzville ondersteuners (oud en jonk)'n kringetjie op die veld vorm na afloop van ons eerste rugbyspan se wedstryd. Ons nooi almal uit om deel van die Willehond-kreet te word.

Vrede vir elke gesin.

MARLIDA LOMBARD
SKOOLHOOF
29/04/2022

BELANGRIKE DATUMS

1 Mei	*Werkersdag*
2 Mei	*Publieke vakansiedag*
	Weskus Netbalproewe 0/12 – 0/19 te Moorreesburg
5 Mei	Laerskool Vredendal (weg)
	HS VSS (tuis)
5 – 7 Mei	LS Redenaars
6 Mei	Olifantsvallei Eisteddfod
12 Mei	LS vs Augsburg (weg)
13 Mei	Calvinia Eisteddfod
	Wes-Kaap Netbalproewe te Riversdal
13/14 Mei	o/13 Boland Laerskole Rugbyproewe(Wes-Boland)
14 Mei	Curro LS & HS (weg)
20 Mei	Wes-Kaap Top Skole te Clanwilliam
21 Mei	Dirkie Uys (weg)
	Rugby 0/15 – 0/19
	Netbal 0/14 – 0/19
26 Mei	Sederberg Primêr (tuis)
27/28 Mei	o/13 Finale Boland Rugby Proewe (Noord-Boland)
28 Mei	Laerskool Vredendal Junior Sportdag
	Netbal 0/7 – 0/9
3 Junie	Koshuisvergadering
4 Junie	LS Koue Bokkeveld(tuis)
16 – 19 Junie	Wes-Kaap Netbaloefenkamp
16 Junie	*Jeugdag*
17 Junie	*Skole vakansiedag*
23 – 25 Junie	Gr.7 Kamp
24 Junie	**Skole sluit KW2**